Verwysing: 20210920-6000
Lêerno.: 4/4/3/1
Navrae: S Dlamini

Finansiële Rekeningkundeminuut: 0005/2021

Aan: Superintendent-Generaal, Adjunk-Direkteurs-Generaal, Hoofdirekteure; Direkteure Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

**Onderwerp: Implementering van elektroniese salarisstrokies (e-Payslips)**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) sal 'n nuwe projek van stapel stuur, naamlik die e-Payslip projek, wat daarop gemik is om salarisstrokies elektronies aan personeel te versprei.

2. Hierdie korrespondensie het ten doel om bewustheid van hierdie innovasie te skep.

3. In die ekonomiese raamwerk waar begrotingsbeperkinge 'n werklikheid is, is die behoefte aan beter doeltreffendheid van kardinale belang. Die noodsaaklikheid om belangrike sakeprosesse te heroorweeg en te verbeter en 'n beter poging aan te wend om prosesse te digitaliseer en te outomatiseer, het dringend geword ten einde produktiwiteit binne die staat te verbeter.

4. Die e-Payslip projek is derhalwe bedoel om die huidige prosesse wat met die hand gedoen word en duursaam en lang omkeertye vir personeel inhou, wat drukstukke van hul salarisstrokies ontvang, te vervang. Hierdie projek sal alle werknemers toelaat om hulle e-Payslips te besigtig en op hul eie gemak via rekenaars of slimfone af te laai.

5. Dienooreenkomstig die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013 (Wet 4 van 2013), is alle nodige maatreëls getref om te verseker dat die beskerming van persoonlike inligting nagekom en te alle tye gehandhaaf word.

6. Die WKOD sal die e-Payslips projek geleidelik implementeer vir die tydperk Oktober 2021 tot Maart 2022, en sal voortgaan met die fisiese verspreiding van salarisstrokies tot waar die implementering suksesvol afgehandel is.

7. Verdere kommunikasie sal mettertyd volg om te verseker dat werknemers goed ingelig is oor die verspreiding en toegang tot e-Payslips.

**GETEKEN:** LJ ELY
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE**
**DATUM:** 2021-09-28